Verslagwaardig: Ja / Nee
Sirkuleer aan Regters: Ja / Nee

Sirkuleer aan Landdroste: Ja / Nee

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA & R 185/03

Datum verhoor: 2004-04-26

Datum gelewer: 2004-04-26

In die appél van:

**PETRUS JACOBUS FUCHS** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: MAJIEDT R *et* WILLIAMS R

# EX TEMPORE UITSPRAAK

**MAJIEDT R:**

1. Die Appellant is in die Landdroshof skuldig bevind op grond van sy pleit van skuldig aan die volgende aanklagte:

a) Aanklag 1: Oortreding van die bepalings vervat in art 65(1)(a) van Wet 93 van 1996 (hierna verder verwys as *'die Wet'*) – bestuur van 'n motorvoertuig onder die invloed van sterk drank;

b) Aanklag 3: Oortreding van die bepalings van art 65(2)(a) van die Wet – bestuur van 'n motorvoertuig terwyl die konsentrasie alkohol in sy bloed hoër is as die statutÍr voorgeskrewe perk;

c) Aanklag 5: Aanranding;

d) Aanklag 6: Oortreding van die bepalings vervat in art 65(1)(a) van die Wet – bestuur van 'n motorvoertuig onder die invloed van sterk drank.

2. Die Appellant is as volg gevonnis op die voormelde

aanklagte:

a) Aanklag 1: 2 jaar gevangenisstraf en die Appellant se bestuurderslisensie is ingetrek;

b) Aanklag 3: R900 of 6 maande gevangenisstraf;
c) Aanklag 5: R90 of 90 dae gevangenisstraf;
d) Aanklag 6: 2 jaar gevangenisstraf.

Die Hof het verder gelas dat die vonnisse op aanklagte 1 en 6 nie samelopend uitgedien sal word nie. Die Appellant kom nou in hoër beroep teen die vonnisse wat opgelÍ is op aanklagtes 1 en 6 hierbo, d.w.s. die vonnisse van 2 jaar gevangenisstraf op elk van daardie aanklagte.

3. Tydens die verrigtinge in die verhoorhof is getuienis van 'n maatskaplike werkster, Me Lategan sowel as van 'n korrektiewe toesigbeampte, mnr. Swarts aangebied. Me Lategan het aanbeveel in haar verslag en in haar

getuienis dat die Appellant vir langtermyn rehabilitasie verwys word. Namens die Appellant het Mnr. Botha op grond van hierdie aanbeveling aan die hand gedoen dat die Appellant in terme van die bepalings vervat in artikel 255 van die Strafproseswet, 51 van 1977, na 'n rehabilitasiesentrum verwys moet word. Die korrektiewe toesigbeampte, mnr. Swarts, aan die ander kant het in sy verslag en in sy *viva voce*-getuienis aanbeveel dat direkte gevangenisstraf die Appellant opgelÍ word. Namens die Staat ondersteun Me. De Nysschen die vonnis van gevangenisstraf soos opgelÍ deur die Landdros en soos aanbeveel deur Mnr. Swarts.

4. Die Appellant se persoonlike omstandighede blyk volledig uit die *ex parte*-submissies van sy regsverteenwoordiger, sowel as uit die voormelde twee voorvonnisverslae. Dit

kan bondig as volg opgesom word:

a) Hy is 41 jaar oud, geskei en het 2 kinders van 14 en 13 jaar oud, welke kinders in sy sorg is. Die kinders het ten tyde van die vonnisoplegging skool bygewoon te Upington waar hulle in die koshuis tuis gegaan het;

b) Die Appellant het geen vaste betrekking beklee tydens vonnisoplegging nie, maar het het hy vervoerwerk gedoen met 'n vragmotor vir boere in die omgewing;

c) Die Appellant het op sy eie weergawe 'n ernstige probleem met die misbruik van alkohol wat dan ook weerspieël word in sy rekord van vorige veroordelings wat twee relevante vorige veroordelings insluit, naamlik bestuur van 'n voertuig onder die invloed van drank gepleeg op 27 Februarie 1998 waarvoor hy gevonnis is tot 'n boete van R2000 of 1 jaar

gevangenisstraf wat opgeskort is vir 5 jaar op sekere voorwaardes asook 'n oortreding van die bestuur van 'n voertuig onder die invloed van drank gepleeg op 13 Junie 2002 waarvoor hy gevonnis is tot 'n boete van R6000 of 12 maande gevangenisstraf waarvan R3000 of 6 maande gevangenisstraf opgeskort is vir vyf jaar op bepaalde voorwaardes.

In beide die voormelde gevalle was een van die voorwaardes dat die Appellant tydens die tydperk van opskorting hom nie skuldig maak aan 'n oortreding van die betrokke wetsbepalings wat neerkom op die bestuur van 'n voertuig onder die invloed van drank nie.

d) Die Appellant het 'n wisselvallige werksgeskiedenis en het vir 'n tydperk van ongeveer 20 jaar nie minder nie as 7 verskillende betrekkings beklee.

5. Dit blyk ook uit die verslae en uit die getuienis dat die Appellant hom reeds by 3 vorige geleenthede vrywilliglik

aan korttermyn rehabilitasie by inrigtings onderwerp het, maar was dit klaarblyklik onsuksesvol. By al drie geleenthede het die Appellant ná ontslag weer begin drink. Verder het hy in die eerste geval hom skuldig gemaak aan drankmisbruik terwyl hy homself in die inrigting bevind het vir korttermyn rehabilitasie en is die program gevolglik onmiddellik gestaak.

6. In die onderhawige saak het die Appellant wat aanklag 6 aanbetref ‘n dame raakgery terwyl hy onder die invloed van drank bestuur het en is die dame, volgens die J88-mediese verslag wat ingehandig is tydens die verhoor, beseer deurdat sy skuurwonde opgedoen het.

7. In sy uitspraak op vonnis het die Landdros hom baie sterk uitgespreek teen hierdie tipe misdryf. Na my mening kan die volgende uitlatings in sy uitspraak ongetwyfeld die

noodwendige gevolgtrekking laat ontstaan dat hy die erns van die misdryf heeltemal oorbeklemtoon het, wat dan ook in die opgelegde vonnisse weerklank gevind het:

> "…. as 'n mens na u vorige veroordelings kyk is daar een dominante oortreding en dit is bestuur van 'n motorvoertuig en drank en onmiddellik gaan daar rooi ligte af, klokke begin lui, alarms en sirenes begin skree in my kop, want die geskiedenis wat voor die Hof geplaas is van u is vir my soos 'n bom. Dit is soos bus vol mense met 'n enorme lading plofstof op hom. Wat ry deur 'n menigte mense deur 'n stad en dit kan enige oomblik ontplof en u het nie insig daartoe nie."

Verder aan verklaar die Landdros soos volg:

> "Een of ander tyd in u lewe sal u moet tot stilstand geruk word meneer en nie meer verbandjies toegedraai word nie en salfies aangesmeer word nie soos wat u in die verlede behandel is nie."

Laastens verwys ek na die volgende woorde van die Landdros in dié verband:

> "… u kan vandag bly wees dat u nie hier staan dat mense

> mense dood is as gevolg van u optrede nie. As ek kyk na u geskiedeis dan sidder ek oor wat kon gebeur het en dit maak vir my bang oor wat kan gebeur. Dit is hoekom ek vandag sÍ dat u lewe en drank is 'n dreigende bom en om daardie rede voel die Hof vandag meneer dat die Hof moet drasties optree. U moet tot besinning geruk word u moet geplaas word in 'n plek waar u kan gaan sit, waar u elke aand as u u oë toemaak moet u weet hoekom u daar is."

8. Dronkbestuur is uiteraard 'n baie ernstige misdryf. Wat erg verswarend is in hierdie saak is dat die Appellant alreeds by twee vorige geleenthede aan soortgelyke misdrywe skuldig bevind is. In daardie twee vorige gevalle is hy die geleentheid gebied om te rehabiliteer buite die gevangenis. Hy het baie duidelik nie van hierdie geleenthede gebruik gemaak nie. Namens die Staat het Me De Nysschen ons verwys na die onlangse beslissing van die Hoogste Hof van Appél van **S v Sithole 2003(1)**

**SACR 326 (SCA)** waar Conradie AR die volgende verklaar te 329:

> "[7] Courts in this country have long acknowledged that alcohol addiction is a disease and that it would be to the benefit of society and of the offender if the condition can be cured. But it is necessary to make the obvious point that drunken driving is not a disease. One is distressingly familiar with maudlin pleas in mitigation that the drunken driver in the dock is an alcoholic, as if the disease excused the crime. It does not (S v Fraser 1987 (2) SA 859 (A) at 864B - D).

[8] Addiction to alcohol is not an excuse for driving under the influence of liquor. In many cases the addiction would be an aggravating feature of the offence. The alcoholic who takes his car to the pub knows when he parks it outside that he will probably not be sober enough to drive it home. He recklessly courts the danger of criminal conduct. His conduct is more reprehensible than that of the person who carelessly has one too many. Drug dependence in general is often characterised by associated criminal conduct. Driving under the influence of liquor is criminal conduct associated with alcoholism. There is no reason why the courts should be more tolerant of that than they are of, say, stealing to support a drug habit.

> [9] The need to impose sentences that provide for the rehabilitation of those addicted to alcohol and, for that matter, to other kinds of drugs has frequently been stressed. This is a

> laudable object of sentencing but not the only and there is obviously no point in devising a rehabilitative sentence if the offender's rehabilitation prospects are remote."

9. Ek kan nie anders as om my respekvol te vereenselwig met die benadering van Conradie AR soos aangehaal hierbo nie. Wanneer 'n mens egter nou die Appellant se persoonlike omstandighede opweeg teenoor die erns van die misdryf en die belange van die gemeenskap, dan meen ek dat die opgelegde vonnis van effektiewelik 4 jaar gevangenisstraf op aanklagtes 1 en 6 skokkend onvanpas is. Die Appellant het klaarblyklik 'n ernstige drankmisbruik probleem. Korttermyn rehabilitasie is nie 'n sinvolle oplossing vir hierdie probleem nie, soos dit in die verlede alreeds in sy geval bewys is. Wat langtermyn rehabilitasie aanbetref het die maatskaplike werkster, Me

Lategan, ‘n insiggewende toegewing gemaak op ‘n vraag van die Verhoorlanddros, naamlik dat ‘n persoon met langtermyn rehabilitasie slegs gehelp kan word as hy/sy gehelp **WIL** word. Dit is baie duidelik na my mening dat die Appellant in hierdie geval nie so ‘n bereidwilligheid toon nie. Die gevolgtrekking waartoe gekom is deur Me Lategan in haar verslag, naamlik dat die Appellant sy probleem minimaliseer en op andere se skouers wil pak is baie duidelik korrek.

10. In die **Sithole**-saak *supra*, was die Appellant in ‘n landdroshof skuldig bevind aan twee klagtes van bestuur onder die invloed van drank wat sy vierde en vyfde veroordelings vir dié bepaalde misdryf was. Hy is in die landdroshof ‘n vonnis van 3 jaar gevangenisstraf op elke aanklag opgelÍ, maar op appél na die Hooggeregshof is

die vonnisse tersyde gestel en vervang met 'n vonnis van 4 jaar gevangenisstraf op elke aanklag ingevolge die bepalings vervat in art 276(1)(i) van die Strafproseswet, 51 van 1977. Op verdere appél na die HHA is die voormelde vonnis van die Hooggeregshof bekragtig. In daardie saak is ook groot gewag gemaak van die betrokke appellant se verslaafdheid aan drank. In par [12] (p330) van die Sithole-saak *supra*, verklaar Conradie AR as volg:

> "A person with the appellant's record cannot expect to escape prison altogether. Too many people die on our roads for that to be an option. Driving under the influence of intoxicating liquor is a serious crime and repeated offences greatly augment its seriousness, particularly where, as here, one of the offences is committed during the currency of a suspended sentence for the very same kind of offence, and another is committed while awaiting trial on an earlier offence of the same kind."

In die onderhawige geval is dit duidelik dat die Appellant

hierdie misdrywe gepleeg het terwyl 'n opgeskorte vonnis oor sy kop gehang het. Gevolglik is ek die mening toegedaan dat hier, soos ook in die geval was in die **Sithole**-saak, die enigste gepaste vonnis een van gevangenisstraf is.

11. Daar is, heeltemal tereg, nie appél aangeteken teen die intrekking van die Appellant se bestuurderslisensie nie. Hy is 'n gevaar vir andere op die pad en meen ek dat daar nie met die Landdros se bevel in dié verband ingemeng behoort te word nie.

12. **By gevolg reik ek die volgende bevel uit: Die Appellant se appél teen die vonnisse wat hom opgelê is op aanklagte 1 en 6 slaag. Die Landdros se vonnis word tersyde gestel en word met die volgende vervang:**

**Aanklag 1: Die Appellant word gevonnis tot gevangenisstraf van drie jaar ingevolge die bepalings vervat in artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 51 van 1977. Die Appellant se bestuurderslisensie word ingetrek.**

**Aanklag 6: Die Appellant word gevonnis tot gevangenisstraf van drie jaar ingevolge die bepalings vervat in artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, 51 van 1977.**

**Dit word gelas dat dié bepaalde vonnisse op aanklagte 1 en 6 nie samelopend uitgedien sal word nie.**

**Die vonnisse word teruggedateer tot 21 Augustus 2003.**

_____________

**SA MAJIEDT**

**REGTER**

**Ek stem saam:**

________________

**CC WILLIAMS**

**REGTER**

| | | |
|---|---|---|
| NAMENS APPELLANT | : | Adv C Botha |
| NAMENS RESPONDENT | : | Adv De Nysschen |
| DATUM VAN VERHOOR | : | 2004-04-26 |
| DATUM VAN UITSPRAAK | : | 2004-04-26 |